

2,00

KERK



WÊRELD

deur

**Prof. I.J. van der Walt
en Prof. L. Floor**

KERK EN WÊRELD

Prof. IJ van der Walt
Prof. L Floor

INHOUDSOPGAWE

WOORD VOORAF..... 5

Inleiding tot die Teologie van Evangelisasie en die Evangeliserende Kerk – Prof. IJ van der Walt..... 7

Hoofstuk 1: INLEIDING TOT DIE TEOLOGIE VAN EVANGELISASIE 7

1. BEGRIPSBEPALING. 7

1.1. “Mission”, sending (in die wye sin van die woord), “gestuur wees”. 7

1.2. “Evangelism”, evangelisering. 7

1.3. Bekering. 8

1.4. Dialoog. 8

2. DIE OBJEK VAN EVANGELISASIE. 8

2.1. Afvalligheid. 8

2.2. Vervreemd. 8

2.3. Verhardheid. 8

2.4. Onverskilligheid. 8

3. DIE SUBJEK VAN EVANGELISASIE. 9

3.1. Christus as Subjek. 9

3.2. Die Gemeente. 9

4. DIE DOEL VAN EVANGELISASIE. 10

4.1. Die eer en verheerliking van God (Kyk Peters, 1970, p. 12). 10

4.2. Bekering en terugkeer van die buitekerklikes (Green, 1955). 10

4.3. Terugvoering na en inskakeling by die kerk. 11

5. DIE MOTIEWE VIR EVANGELISASIEWERK. 11

5.1. Die liefdesmotief. 11

5.2. Die dankbaarheidsmotief (Green, 1970, p. 36). 11

5.3. Die verantwoordelike motief (Green, 1970, p. 243 e.v.). 12

5.4. Die besorgheidsmotief (Green, 1970, p. 248 e.v.). 12

5.5. Die dringendheidsmotief (Verkuyl, 1975, p. 233). 13

5.6. Die deelgenootskapsmotief (Watson, 1976, p. 86). 13

6. DIE DOGMATIESE ONDERBOU. 14

6.1. Die algehele verdorwenheid van die mens. 14

6.2. Verkiesing en verbond. 14

6.3. Die beperkte versoening. 15

6.4. Die onweerstaanbare genade. 15

6.5. Die volharding van die heiliges. 16

Hoofstuk 2: DIE EVANGELISERENDE KERK 17

1. 'N BEELD VAN DIE EVANGELISERENDE KERK VANDAG. 17

1.1. Europa. 17

1.2. Wes-Europa. 17

1.3. Suid-Afrika.....	17
1.4. Die Gereformeerde Kerk.....	17
2. EVANGELISASIE.....	18
2.1. Evangelisasie is nie Gereformeerde praktyk nie.	18
2.2. Die Bybel bevat geen evangelisasie-opdrag nie (Brillenburg Wurth en Wiersenga, 1953, p. 17):	18
2.3. Dit is nie nodig dat die geïnstitueerde kerk by die evangelisasie betrokke is nie.	19
3. DIE KERK - BEWAAR EN/OF VERMEERDER.....	19
4. NUWE STRUKTURE VIR 'N EVANGELISERENDE KERK?	20
4.1. Wat leer die Nuwe Testament oor kerkstrukture?	20
4.2. Die diskussie oor nuwe voorgestelde strukture (Verkuyl, 1975, p. 96 e.v.).....	20
4.3. Herwaardering vir die ou struktuur (Poetsch, 1967, p. 50).	22
5. GEMEENTE-ANALISE.....	23
5.1. Dr. DF Thompson.....	23
5.2. 'n Gemeente-analise in Uganda (gehou in 1971).	23
6. DIE PLAASLIKE EVANGELISERENDE KERK.	24
6.1. Die kwaliteit van die gemeentelike lewe (David Watson, 1976, p. 137).	24
6.2. Evangelisasie-aanpak (B Green, 1955, p. 49).....	24
6.3. Die waarde van huisevangelisasie (G W Peters, 1970, p. 160).	24
6.4. Die waarde van persoonlike kontak.	24
7. DIE GROEIENDE KERK.....	25
8. PREËVANGELISASIE.	25
8.1. Besinning.....	25
8.2. Toerusting en voorbereiding.	25
8.3. Afbreek van mure.....	25
9. EVANGELISASIE DEUR DIE LEWENDE KERK.....	26
9.1. Taak van die kerk.....	26
9.2. Taak van die lewende kerk.	26
BRONNELYS	26
Die Missionêre Karakter van die Kerk - Prof. L Floor.....	28
PRINSIPIEEL	28
1. DIE KERK VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT.	28
2. DIE OPBOU VAN DIE KERK VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT.	29
3. DIE ROEPING TOT DIE EKSTENSIEWE OPBOUWERK.	31
4. DIE TOERUSTING TOT DIE OPBOUWERK.	32
5. DIE TWEEVOLDIGE DOEL VAN DIE OPBOUWERK.....	32

WOORD VOORAF.

Hierdie geskrif is die neerslag van die twee lesings wat professore L Floor en I.J. van der Walt tydens die Aktualiteitskursus van die Teologiese Skool, Potchefstroom gedurende 1980 gelewer het. Dat die onderwerp inderdaad vandag baie aktueel is, is bewys deur die groot aantal oudstudente wat die kursus bygewoon het, en die groot aandrang dat die CJBF hierdie lesings moet publiseer. Dit het die deputate met graagte gedoen!

Dit is ons bedede dat ook hierdie publikasie in die reeks wat in die afgelope tyd feitlik 'n stroom geword het, 'n goeie plek in die huise van al ons broeders en susters sal vind.

V.E. d'Assonville (Voorsitter CJBF-deputate)

Potchefstroom, Julie 1981

OPMERKING.

Hoewel die deputate van die Calvyn-Jubileumboekefonds (C.J.B.F.) hierdie werk gekeur het, bly die menings hierin uitgespreek, of gevolgtrekkings waartoe geraak is, dié van die skrywer en moet dit in geen geval beskou word as 'n weergawe van die C.J.B.F.-deputate van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie.

Inleiding tot die Teologie van Evangelisasie en die Evangeliserende Kerk – Prof. IJ van der Walt

Hoofstuk 1: INLEIDING TOT DIE TEOLOGIE VAN EVANGELISASIE

Ons sal seker almal saamstem dat met betrekking tot evangelisasie deurgaans 'n lae profiel gehandhaaf word, nie net in Suid-Afrika nie, maar deur die kerke in die hele Westerse wêreld.

Evangelisasie is egter besig om om een of ander rede 'n dringendheid te verwerf en 'n voorrang te begin geniet, soos byvoorbeeld blyk uit die talle ekumeniese byeenkomste hieroor - gedurende hierdie jaar twee konferensies - en die wye belangstelling in die tot nog toe feitlik onbekende dissipline, naamlik Evangelistiek.

In die lig hiervan dus die voordrag as 'n

Inleiding tot die teologie van evangelisasie

1. BEGRIPSBEPALING.

Die literatuur oor sending en evangelisasie wemel letterlik van 'n menigte terme waartussen ons die pad moet vind.

1.1. “Mission”, sending (in die wye sin van die woord), “gestuur wees”.

Vroeër is die terme “mission” en “evangelism” sinoniem gebruik. Gedurende die jongste tyd egter het “mission” 'n baie wye betekenis gekry. Daarmee word die werksaamheid van God bedoel. Hy stuur sy profete. Hy stuur sy Seun. So het die kerk ook 'n “mission” (Stott, 1975, p. 66).

In die wye sin praat ons dus van die “mission”, taak, die gestuur-wees.

“The Mission of the Church reaches out to the end of the earth and embraces all human aspirations and values” (Anon., 1972, p. 1).

1.2. “Evangelism”, evangelisering.

“Evangelism” is 'n onderafdeling van die “mission” of taak van die kerk, 'n deel van die taak wat deur die kerk in God se wêreld behartig word (Stott, 1975, p. 68; Peters, 1970, p. 12). Dit behels in hoofsaak die *prediking van God se Woord* (Rayan, 1975, p. 95).

Die vertaling in Afrikaans moet dus nie wees evangelisasie nie, maar “evangelisering” (Kruger, 1973, p. 258).

Evangeliseer geskied op drie fronte:

Sending, evangelisasie en gemeentebediening.

Die Engelse terme “evangelism” en “evangelization” is sinonieme. Monsma (s.j., p. 13) stel dit so: “Evangelism” is die teorie met betrekking tot die aksie of aktiwiteit van evangelisasie. “Evangelization” is die konkrete daad van die evangelie te verkondig.

Wat ons dus as *evangelisasie* beskou, is 'n onderdeel van wat in die Engelse literatuur met “evangelism” aangedui word.

Evangelisasie is een manier van evangeliseer.

Evangelisasie is die werk van die kerk waardeur dié van God of kerk vervreemde bondeling tot verbondsherstel terug gelei word (De Klerk, 1979, p. 19).

Op hierdie wyse moet evangelisasie wat in die eie omgewing gedoen word, dus duidelik

onderskei word van sending onder die heidene en van gemeentebou onder die in mindere of meerdere mate meelewende lidmate van die gemeente.

1.3. Bekering.

Bekering is vrug en gevolg van die evangelisering. Dit beteken en behels inkeer, omkeer en terugkeer en is die proses van afsterwe van die ou mens en opstanding van die nuwe.

1.4. Dialoog.

Dialoog is misplaas en buite verband as dit die prediking van God se Woord vervang. Dialoog kan egter ook inhou die worsteling met die afgedwaalde of heiden om die waarheid van die inhoud van die evangelisering tuis te bring.

2. DIE OBJEK VAN EVANGELISASIE.

Die objekte van evangelisasiewerk is die *afvallige buitekerklike en kerkvervreemde* bondeling (De Klerk, 1979, p. 16). Dit is die persoon wat sy verbondsverlede afgelê het en in afvalligheid lewe.

Hy is nie objek van die besondere ampsbediening in die plaaslike gemeente omdat hy by wyse van tug korter of langer gelede van die kerk afgesny is óf omdat hy nooit lidmaat van die gemeente was nie en sedert hy aan die kerkraad bekend is, as evangelisasieobjek beskou en behandel is nie.

Die volgende kenmerke kan ten opsigte van sodanige buitekerklike kerkvervreemde en kerklose verbondsbrekers bepaal word (Booyesen, 1966):

2.1. Afvalligheid.

Hulle het volgens die Skrif van die regte pad afgewyk en tans as opstandige en wederstrewige hardnekkiges God en sy kerk die rug toegekeer. Hulle het in hulle dwaasheid volhard en in so 'n mate afvallig geword dat hulle buite die kerk staan.

2.2. Vervreemd.

Die oorsaak van vervreemdheid is onkunde en verhardheid. Derhalwe het hulle van Christus en die kerk vervreemd geraak.

2.3. Verhardheid.

Hiermee word bedoel dat hulle bewus die wil en gebod van God verontagsaam. Dit ontwikkel tot vyandiggesindheid teenoor die kerk.

2.4. Onverskilligheid.

'n Verdere stap is dat die kerk en die Christelike geloof vir die sodanige persoon van minder belang is.

Dit is duidelik dat die voorwerp vir evangelisasie nie meer onder die besondere ampsbediening ressorteer soos met betrekking tot die lidmate van die gemeente die geval is nie. Tog staan hy nie los van die verbondsbeloftes wat oor hom uitgeroep is, en van die Christelike beskawing wat hy deelagtig is nie. Hy is voorwerp van evangelisering, maar op 'n ander manier as deur die sending onder die heidene. Die verskil is dat hy aanspreekbaar is vanuit die beloftes van God kragtens die verbond wat deur die doop bevestig is (De Klerk, 1979, p. 16). Die volgende diagram stel die onderskeidinge ten opsigte van die objek vir evangelisering in die algemeen en evangelisasie in die besonder, duidelik (Winter, 1975, p. 230).

Waar die Woord na buite verkondig word, is dit altyd evangelisering.

E1	E2	E3
<p>Evangelisering kan ons so noem wanneer dit evangelisasie onder mense is wat deur bure bereik word, mense van dieselfde kultuur en taal met wie kommunikasie maklik is.</p> <p><i>'n Voorbeeld:</i> die evangelisasiewerk van Gereformeerdes onder Afrikaanssprekendes.</p> <p>Die kontak is binnekultureel.</p>	<p>By evangelisering het ons transkulturele evangelisasie onder persone van 'n soortgelyke kultuur as dié van die kerkklimate, byvoorbeeld evangelisasiewerk van die Lutherse Kerk in Duitsland onder Griekse immigrante wat fabriekswerkers is of ons evangelisasiewerk onder Portugeessprekendes.</p>	<p>Evangelisering is radikaal transkultureel, byvoorbeeld onder die Chinese, Indiërs, Swartes, ensovoorts. Dan is die evangelisering sending.</p>

3. DIE SUBJEK VAN EVANGELISASIE.

Soos Matt. 28:19 die *locus classicus* vir die sending is, is Hebr. 3:1 dit vir evangelisasie.

Hebr. 3:1 is 'n oproep van die Jode-Christene om by die vervulling van die hemelse roeping met die heiden-Christene een familie, een huisgesin, een *militia Christi* te vorm.

Ons beskou dit as 'n *locus classicus*, omdat

- a. Christus duidelik as Subjek van die evangelisasie gestel word, en
- b. die wyse waarop die gemeente by evangelisasiewerk betrokke is, baie duidelik gestel word.

Die Subjek van evangelisasie is dus Christus en die gemeente.

3.1. Christus as Subjek.

Hebreërs 3:1 laat ons Jesus driedimensioneel sien:

Wat was: Hy het die skuld gedra.

Wat is: Hy is die Hoëpriester tot wie ons kan gaan.

Wat kom: sy apostoliese taak word voortgesit. Hy is die Voleinder van die geloof.

Hy is enersyds die Apostolos, die Gesant, die Verteenwoordiger van God by die mense.

Andersyds is Hy die Verteenwoordiger van die mense by God: Hy het die skuld betaal.

Hy is die Hoof van die kerk en die verlostes.

Wie afdwaal, draai die rug na Hom toe. Hy wil dat daar terugkeer en bekering sal wees.

Hy is die Subjek van alle evangelisering, dit wil sê van alle evangelisasie en sending.

Dit is sy opdrag, sy arbeid, sy doelstellings wat verwesenlik word.

3.2. Die Gemeente.

Die woord *μέτοχος* is hier van sleutelbetekenis. Bedoel word die heilige broeders as deelgenote van die hemelse roeping.

Die gemeentelide is deelgenote van die hemelse roeping, omdat hulle deelgenote van Christus is. Hulle is deelgenote aan die roeping van Christus omdat hulle aan Christus

behoort.

Wie een is met Christus, is een met die taak van Christus. 'n Mens deel Christus nie sonder dat jy sy hemelse roeping deel nie. In hierdie sin gebruik die apostoliese vaders die begrip *μέτοχος* herhaaldelik: Clemens Romanus, Ignatius, Polycarpus, ensovoorts. Wie aan die verlossende genade deel het, is ook by sy roepingbetrokke.

Dit is wat die wêreldsendingkonferensie te Willigen (1953) bedoel het: "There is no participation in Christ without participation in His mission" (aangehaal deur Verkuyl, 1978, p. 43).

Hebreërs 3 is 'n oproep aan die gemeente om die regte visie op hulle taak, hulle betrokkenheid te hê.

Ons vind die woord *μέτοχος* ook in Luk. 5:7 in die sin van metgesel, makker, kameraad.

Met betrekking tot die gemeente as subjek vir evangelisasie is dit dus duidelik dat:

- a. die gemeente by die evangelisering betrokke is;
- b. die gemeente daartoe toegerus is (Ef. 4:2) en sy gawes moet gebruik en ontplooi.

4. DIE DOEL VAN EVANGELISASIE.

Die doel van evangelisasie loop, as daad van evangelisering, parallel met dié van die sending.

As algemene doel kan gestel word: die *koms en verbreiding van die koninkryk van God*. Dit gaan nie primêr om die doel wat die evangelisasiewerker vir homself stel nie, maar om die doel wat God het. Dit is: die koms van sy koninkryk.

Dit word tegelykertyd egter ook die doel van diegene wat aan die evangelisasie deelneem.

Hierdie een magtige Goddelike oogmerk het drie aspekte wat van mekaar onderskei kan word, maar waarvan die een ten nouste met die ander saamhang.

4.1. Die eer en verheerliking van God (Kyk Peters, 1970, p. 12).

Die Ou Testament is baie gevoelig oor hierdie aspek van die eer van God. Die heidense volke moet tog nie dink dat God lokaal of onmagtig is nie. Die Nuwe Testament jubel daaroor. Die verlose in Jesus Christus sal verkondig en beleef dat by Hom alleen rus te vind is. Daarom is die spitspunt van die evangelisasie die einddoel dat die koninkryk van God sal kom tot sy eer. Insover hierdie eer Hom nie toegebring word nie, moet die eer herstel word.

Afvalligheid, buitekerklikheid en verbondsontrou is tot 'n smaad en oneer van God.

4.2. Bekering en terugkeer van die buitekerklikes (Green, 1955).

Die afvalliges moet langs die weg van bekering en berou oor hulle dwaling teruggebring word.

Die doel van alle evangelisering is die bekering van ongelowiges.

By evangelisasie behels dit berou oor die verbondsontrou en bekering van afvalligheid. Dit bevat die gedagte van 'n heroriëntering en 'n nuwe gesindheid en 'n volledige onderwerping aan die gesag van God.

By evangelisasie behels die oproep tot bekering verbondsherstel, aanvaarding van die beloftes en eise van die genadeverbond en hernieuwe aanvaarding van die verbondswoord. Onnodig om te sê dat die redding van siele as doel van evangelisasie nie binne ons Gereformeerde denkstruktuur pas nie.

4.3. Terugvoering na en inskakeling by die kerk.

Die doel van die evangelisasie is om die betrokke persoon by die kerk te laat teregkom. Die kerk is immers die verbondsgemeenskap. Die ontroue en afvallige moet weer sy plek in die kerk terugvind. Die verlore skape moet na die kudde teruggelei word.

Evangelisasie behels nie proselietmaking nie. Die afgedwaalde moet egter weer in die liturgiese gemeenskap van verbondskinders die lof van God kom betuig.

Die doel wat nagestreef word, is dat die kerkvervreemde dus weer 'n lewende lidmaat van die kerk mag word. Hierdie doel van evangelisasie, naamlik volle aktiewe lidmaatskap van die kerk word nie so maklik en vanselfsprekend aanvaar nie, veral nie deur die sterk stroming van diegene by wie die evangelisasie nie vanuit die kerk geïnisieer is nie, maar wat sy impetus van buite die kerk of van groepies binne die kerk gevind het.

Selfs vandag is daarstelling van die kerk as instituut en inskakeling daarby in baie kringe glad nie gewild nie — byvoorbeeld by die sterk groeiende Pinksterbeweging en evangelisasie-aksie in Latyns-Amerika.

Hulle wil, soos dit uitgedruk word, iemand na Jesus lei en daarmee volstaan.

5. DIE MOTIEWE VIR EVANGELISASIEWERK.

By die vraag na die doel van evangelisasiewerk het ons wou vra wat wil ons bereik, wat wil ons in ons strewe verwesenlik?

By die vraag na die motief vir evangelisasie is die vraag: Wat motiveer mense om dit te doen; wat dryf hulle?

Die belangrikheid en aktualiteit van evangelisasie blyk veral uit die baie diskussies oor die motiewe vir evangelisasie. Skrywers wys die evangelisasiemoede van die kerk aan swak of geen gemotiveerdheid tot evangelisasie nie.

Een so 'n skrywer is Leighton Ford in sy stimulerende boek: *One way to change the world*. Hy bereken dat as jy alle sending en alle evangelisasiepogings van alle kerke saamgooi, dan is dit die poging van 1 000 Christene saam wat elk 365 dae, dit wil sê een jaar, werk met een bekeerling tot gevolg. Die kerk se evangeliserende werk vlot dus nie. Evangelisering is geen maklike taak nie, en Ford skryf dit aan ongemotiveerdheid toe.

Wat moet dan ons motiewe wees?

5.1. Die liefdesmotief.

5.1.1. Die liefde van God is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is (Rom. 5:5).

God het ons eerste liefgehad. Die liefde in ons harte dwing ons om sy Naam te verkondig.

5.1.2. Die liefde van Christus dwing ons (2 Kor. 5:14). Die gelowige lewe nie meer nie, maar Christus leef in hom. Die Seun van God het hom liefgehad en Homself vir hom oorgegee (Gal. 2:20). Die liefde word 'n onweerstaanbare dryfkrag. Jesus het self 'n sterk motivering deur liefde gehad. Hy praat van die doop wat Hy het om mee gedoop te word, en "hoe benoud word Ek totdat dit volbring is" (Luk. 12:50).

5.1.3. Die liefde vir die kerk is ewe-eens 'n motivering vir die gelowige tot evangelisasie. Sy liefde vir die kerk vuur die gelowige daartoe aan dat alle verbondskinders tot die kerk sal behoort en lewende en aktiewe lidmate sal wees.

5.2. Die dankbaarheidsmotief (Green, 1970, p. 36).

Dit was een van die duidelikste en dringendste motiewe tot evangelisering by die vroeë

Christelike kerk. Die hoofmotief was dat hulle self die oorweldigende ondervinding van die liefde van God beleef het.

Die prediker bring die verlossingsboodskap aan andere uit diep dankbaarheid vir wat hy self beleef het. Dankbaarheid, toewyding aan die Here wat jou gered het, skep 'n gemotiveerdheid om self herout en boodskapper van die genadeboodskap te wees.

5.3. Die verantwoordelikheidsmotief (Green, 1970, p. 243 e.v.).

Die faktor van voor God verantwoordelik te voel om soos 'n Christen te lewe, het in die vroeë Christelike kerk baie swaar gewig gedra. Christus doen wat die Vader welgevallig is (Joh. 8:29). Net so wil die gelowiges doen wat Hom welgevallig is. Dit het by uitstek uit die lewe en werk van Paulus geblyk. Hy skryf: "Want alhoewel ek van almal vry was, het ek my aan almal diensbaar gemaak om soveel van hulle as moontlik te win ... vir die swakkes het ek soos 'n swakke geword om die swakkes te win, vir almal het ek alles geword om in alle geval sommige te red (1 Kor. 9:19, 22).

Hierby kom die besef van die finale oordeel voor God, waarvoor elkeen te staan kom. Jesus Christus is in die plek van sy kinders veroordeel (Rom. 4:25).

Die feit en die besef dat hy self 'n verlore is, vervul Paulus met 'n verantwoordelikeheidsbesef om die evangelie te verkondig, terwyl, so skryf Paulus, "... ek kragtig by Jode sowel as die Grieke aangedring het op die bekering tot God en die geloof in onse Here Jesus Christus" (Hand. 20:21). Paulus stel hierdie verantwoordelikheidsmotief nog duideliker in 2 Korintiërs 5:10: "Of ons lewe en of ons sterwe, ons moet God welbehaaglik wees. Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad."

Die evangelis moet dus besef met watter verantwoordelikheid hy bekleed is. Paulus bring dit ook na vore dat die ontroue evangelis ook gered sal word soos deur vuur heen, ten spyte daarvan dat hy 'n egosentriese struktuur van die kerk op die fondament, Christus, gemaak het (1 Kor. 3:11 e.v.).

Ons kan met stelligheid bepaal dat die Christene in die vroeë dae van die kerk in die besef geleef het dat hulle in die gerig gestel sal word en dat daar noulettend op hulle lewe gelet sal word.

Langs hierdie weg is die element van persoonlike verantwoordelikheid en toerekenbaarheid voor God 'n duidelike motief tot die taak van evangelisering.

5.4. Die besorgheidsmotief (Green, 1970, p. 248 e.v.)

Die doel van die koms van Christus na hierdie wêreld was "om te soek en te red wat verlore was" (Luk. 19:10).

Dit veronderstel duidelike tweedeling in die mensheid: diegene wat Hom aanvaar en diegene wat Hom nie aanvaar nie. Daar bestaan nie 'n tussenposisie nie. Sommige vind genade in Christus, origins staan die hele wêreld doemwaardig voor God (Rom. 3:19).

Paulus self het vroeër in die begeerlikheid van die vlees gewandel, maar is deur God lewend gemaak (Ef. 2:3 e.v.). God het hom geroep tot die taak om ver en wyd die gevaar waarin mense leef, aan hulle voor te hou.

Met heilige erns preek hy dit in woonhuise en in die openbaar. Hy laat nie na om die hele raad van God te verkondig nie. Hy doen dit só afdoende dat hy self rein is van die bloed van almal (Hand. 20:26). Maar hy is dit aan hulle verskuldig om dit te verkondig (Rom. 1:14).

Die besef dat hy dit aan die heidene verskuldig is om aan hulle te verkondig watter gevaar hulle bedreig, is 'n baie duidelike sendingmotief by Paulus.

Gedurende die tweede eeu was die besef van die gevaar waarin diegene wat sonder

Christus lewe, hulle bevind, inderdaad 'n evangelistiese motief. Ten spyte van bespotting is die Christene deur besorgdheid oor mense gemotiveer om die evangelie aan hulle te verkondig. Dit blyk oorvloedig uit die geskrifte van die kerkvaders wat op bekering aandring.

Die Christen moet dus bewoë wees oor die lot van die gevalle wêreld.

Die houding: Wat van die wêreld word, is vir my so lank as wat dit breed is, solank ek maar seker is van my saligheid, is onskriftuurlik en hooghartig.

Die Here Jesus was innig bewoë oor die lot van Jerusalem. Hy wou hulle bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens, maar hulle wou nie (Matt. 23:3, 7; Luk. 13:3, 4). Jesus kry die skare innig jammer omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie (Matt. 9:36).

Dit vervul die Christen met hartseer en droefheid as mense se lewenspad op 'n afgrond afstuur. Ons moet deur die liefde van Christus gedwing wees (2 Kor. 5:14). Teen twee uiterstes moet egter gewaarsku word:

Enersyds kan jy onbewoë wees en jou dan van jou taak losmaak deur te sê: Ek kan aan die lot van die verlore gaande wêreld niks doen nie. Natuurlik kan ons niks daaraan doen nie, maar jy kan oor hulle lot bewoë wees en jy kan die Woord aan hulle gaan bedien.

Die ander uiterste is dat jy sentimenteel is oor die verlorenheid en dan in eie krag wil siele wen.

5.5. Die dringendheidsmotief (Verkuyl, 1975, p. 233).

Evangelisering is 'n dringende saak. Waar in die evangelie volgens Markus die gebeure rondom die lewe en werk van Christus verhaal word, kom die uitdrukking “dadelik daarna” dertig keer voor.

Die lewe van die Christen is enersyds diep en stewige rus. Andersyds is daar egter 'n intense haas om die opdrag van God uit te voer. So is dit by Paulus 'n stralende innerlike sekerheid van die geloof en andersyds 'n groot haas om met sy werk voort te gaan en dit af te handel (Watson, 1976, p. 88).

Weer eens: dit gaan nie om koorsagtig siele te wen nie. Ons aanvaar wat in die raad van God omtrent elke mens besluit is. Die dringendheidsmotief mag egter nooit afwesig wees nie. Daar is vandag ongeveer 1 000 miljoen Christene in die wêreld teenoor 2 000 miljoen nie-Christene. Dit gee ons enigsins 'n indruk van hoe ontsaglik die taak van die kerk is. En die agterstand word tans al groter.

Tyd is 'n gawe van God en moet ten beste in sy diens gebruik word. Karl Barth het traagheid as een van die grootste sondes aangeteken. Ten opsigte van die evangelisasietaak kom dit uit in analyses maak sonder inisiatiewe, besluiteloosheid, verbeeldingloosheid, kanse en geleenthede verspeel en verwaarloos, volstaan met praat en beplan sonder om doeltreffend te begin werk. Ons sou 'n boek kon skryf oor die verspilde evangelisasiégeleenthede van die kerk.

5.6. Die deelgenootskapsmotief (Watson, 1976, p. 86).

Hierdie faktor word dikwels deur ons verbygesien. Tog was dit vir Paulus 'n baie sterk motief om met sy werk voort te gaan ten spyte van geweldige druk wat op hom uitgeoefen is. Rondom 2 Korintiërs 5 gebruik Paulus die woordjie “ons” meer as sestig keer.

Ons probeer om die mense te oortuig. Paulus was dikwels in situasies gedryf waar hy ontsaglik alleen was. Tog spreek niks so duidelik uit sy werk as dat hy nie alleen optree nie. Twee is immers beter as een; want as een val, kan die ander een hom oprig (Pred. 4:9). Warm, liefdevolle deelgenootskap aan Christus en sy genade was altyd 'n sterk motief by evangelisering. Daar moet diegene wees wat mekaar met liefde, bemoediging en gebed bystaan.

6. DIE DOGMATIESE ONDERBOU.

Dit is absoluut noodsaaklik dat ons ons evangelisasie Skriftuurlik korrek sal fundeer.

Wie ten opsigte van die basiese leerstellings afwyk, sit uiteindelik met Skriftuurlik onverantwoorde evangelisasiewerk. Evangelisasie staan of val met die regte konfessionele en dogmatiese uitgangspunt en verantwoording.

Ons moet ons evangelisasie binne die korrekte dogmatiese raamwerk plaas.

Lektuur oor hierdie deel van evangelisasie is skaars. Die bydrae van De Klerk (1979, p. 57 e.v.) is hoogs waardevol (vgl. ook Monsma, 1948, p. 13).

Die volgende leerstellings aspekte kom in die gedrang:

6.1. Die algehele verdorwenheid van die mens.

Die mens is so verdorwe en dood in sy sonde en misdaad dat hy tot niks in staat is wat God as bydrae tot sy saligheid sou kon beseël nie (Joh. 3:3, 19; 5:21; 6:65; Rom. 3:10-12; 1 Kor. 2:14a; 2 Kor. 1:9; 5:17; Ef. 2; Dordtse Leerreëls II, III en IV).

Die Arminianisme wil dat die mens in staat is om 'n bydrae tot sy redding te lewer. Die meeste evangelisasiebewegings van ons tyd groei uit hierdie wortel van 'n bydrae tot jou verlossing, dit wil sê verdienende saligheid. Ten opsigte van Billy Graham geld dieselfde, die wedergeboorte geskied ten opsigte van die mens wat gewillig is om hom aan God oor te gee: "any person who is willing to trust Jesus Christ as his personal Saviour can receive the new birth now" (aangehaal deur De Klerk, 1979, p. 58).

Dit is dringend noodsaaklik dat die leer van die algehele verdorwenheid die vertrekpunt in ons evangelisasiewerk moet wees. So nie, skeep 'n mens by die sonde die illusie dat hy nie die erns en omvang van sy sonde en ellende ken nie en dat hy voor God verdienstelik kan wees.

6.2. Verkiesing en verbond.

Besinning hieroor in ons Gereformeerde Teologie is skraps. Die uitverkiesing is die onveranderlike voorneme van God. Daardeur het Hy voor die grondlegging van die wêreld 'n sekere menigte van mense uit die hele menslike geslag uitverkies (Dordtse Leerreëls I, 7).

Sommige mense is nie uitverkies nie, of in die ewige uitverkiesing van God verbygegaan, naamlik diegene oor wie God besluit het om hulle na sy geheel vrye, regverdige, onberispelike en onveranderlike welbehag in die algemene ellende te laat bly waarin hulle deur hulle eie skuld gestort het (Dordtse Leerreëls I, 15). Dit is 'n ontsaglike feit waarmee in die evangelisasie rekening gehou moet word.

'n Mens het voor jou 'n persoon wat óf deur God uitverkies is, óf deur God in sy ellende gelaat word. Maar God alleen weet wat sy ewige bestemming in hierdie geval is. Die evangeliseerder durf nie redeneer: Wel, die persoon is tog uitverkies en sal dus tog salig word nie. Wat bly dan oor van die kerk en van die verheerliking van God? Die evangeliseerder moet dus vermaan en bearbei in die besef dat hy slegs instrument in die hand van God is.

Die finale onderskeidingslyn tussen gelowiges en ongelowiges is nooit finaliter op aarde waarneembaar nie (vgl. byvoorbeeld die moordenaar aan die kruis).

Wat vir die kerk oorbly, is om aan die realisering van die uitverkiesing van God te werk, sodat dit meer en meer sigbaar realiteit word wie aan Christus behoort.

Ons moet die sigbare verdelingslyn tussen geloof en ongeloof, kerk en wêreld steeds tot op die werklike verdelingslyn stoot, sodat die wêreld vol kan word van die kennis van God en sy koninkryk wat kom.

Met betrekking tot die verbond lê die aksent enigsins anders. Die genadeverbond is, aldus H. Bavinck, die organisasie van die nuwe mensheid onder Christus as hoof.

God rig die verbond op waarin Hy genade beloof en gehoorsaamheid vra. Dit is die belofte en die eis van die verbond. By die afvallige en kerkvervreemde is nog 'n lyn van die verbond aanwesig en aanwysbaar. Hy moet dus gewys word op die daad van ontrouheid deur die verbondsverpligting af te lê, dat hy God oneer aandoen en homself te kort doen.

Die verbond is dus 'n stewige pleitgrond by evangelisasiewerk. Die evangeliseerder pleit by die geëwangeliseerde om terugkeer en hernuwing. Die wekroep is: Keer terug, o afkerige kinders. Ek sal julle genees (Jer. 3:14, 22).

By die gunstige reaksie hierop antwoord die afgedwaaldes en kerkloses in hulle verbondsvernuwing: "Hier is ons, ons kom na U toe, want U is die HERE onse God" (Jer. 3:22).

6.3. Die beperkte versoening.

Hierdie leerstelling word ook dikwels in die evangelisasie bevraagteken, verontagsaam of verwerp.

Hiermee word geleer dat die dood van Christus "oovloedig genoeg is om die sonde van die hele wêreld te versoen" (Dordtse Leerreëls II, 3). Tog is dit net vir die uitverkorenes: die uitverkorenes alleen ontvang die versoening. Daar is geen algemene versoening in dié opsig dat Christus vir alle mense gesterf het nie.

"Dit was die wil van God dat Christus deur die bloed van die kruis - waarmee Hy die nuwe verbond bevestig het - uit elke volk, stam, geslag en taal hulle en hulle alleen kragdadiglik sal verlos, wat van ewigheid af tot die saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is." Die versoening is dus vir die uitverkorenes. Maar hoe weet ons wie hulle is?

Die oproep tot bekering gaan aan alle mense. Maar God se toesegging is beperk tot wie Hy wil (Joh. 3:14-16).

Dit frustreer nie die evangelisasiewerker nie. Dit stel hom in nederige dienskneg-gestalte. God kies uit. God maak gelowig. Die werker bedien net die woord. Opmerklik is die volgende bepaling in die Dordtse Leerreëls (II, 5): "Hierdie belofte (van die evangelie) moet aan alle volke en mense, aan wie God na sy welbehag die evangelie stuur, sonder enige onderskeid verkondig en bekend gestel word, met die eis tot bekering en geloof." 'n Baie duidelike sending- en evangelisasieopdrag!

6.4. Die onweerstaanbare genade.

Die wedergeboorte beteken dat God die hart wat gesluit is, open. Hy vermurf wat hard is. Hy beweeg en versterk die wil. God werk die wedergeboorte sonder ons in ons. Dit is 'n geheel en al bonatuurlike werking.

Die inwendige roeping en wedergeboorte kan nie weerstaan word nie. Christus staan by die deur en klop (Openb. 3:20). Hy open die hart onweerstaanbaar.

Dit het ingrypende implikasies vir die evangelisasie.

Dit troos en versterk die werker met die wete dat as God werk, niemand kan keer nie (Jer. 20:7).

Die uitslag en uitkoms van die evangelisasiewerk word slegs bepaal deur dit wat dit God behaag om te doen. Die evangelisasiewerker moenie dink om God se werk te wil doen nie. Beslissings van mense, onryp en oorhaastige oorgawes aan God, gedeeltelike druk op persone, ensovoorts, kan maklik die onweerstaanbare genadewerking van God op die agtergrond stel of buite rekening laat. Hierdie leer moet by alle evangelisasie die ondertoon wees, die gesindheid van nederigheid en nietigheid inskerp en die bede laat opstyg: Laat U

wil geskied.

6.5. Die volharding van die heiliges.

Die kerk leer dat, op grond van die verkiesing van God, die struikelende ware gelowiges “nie heeltemal uit die geloof en die genade uitval of ook tot die einde in die sonde bly of verlore gaan nie” (Dordtse Leerreëls V, 8).

Dit ten spyte daarvan dat gelowiges soms met growwe sondes God vertoorn, in doodskuld verval, die Heilige Gees bedroef, 'n tyd lank die oefening van die geloof verbreek, 'n tyd die gevoel van genade verloor, ensovoorts (V, 5). Dit is presies die toestand waarin menige evangelisasiegeval kan verkeer.

Die vraag is dan: Is die persoon onder bearbeiding in 'n toestand van tydelike verharding? Is dit 'n geval van “... onder die as van skynbare verharding gloei nog die kole van God se onvernietigbare werk en straks sal Hy dit weer laat opvlam” (De Klerk, 1979, p. 62)?

Of is dit 'n geval van die onvergeeflike sonde teen die Heilige Gees (Hebr. 6:4-6) waarvan staan: “Dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak het en die Heilige Gees deelagtig geword het ... en afvallig geword het, om die weer tot bekering te vernuwe”? Is dit dus 'n heilige wat sal volhard, of is dit 'n onheilige lasteraar teen die Heilige Gees?

Dit is nie vir die evangelisasiewerker om dit uit te maak nie.

Wat die werker betref: hy moet Christus verkondig. Hy mag nooit besluit: Die persoon is geen uitverkorene nie, dus bedien ek hom nie verder nie.

In die evangelisasie kan ons net as gesante optree om Christus ontwil, asof God deur ons vermaan.

Die wekroep bly: Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen.

* * * * *

Hiermee dan enkele inleidende teologiese opmerkings. Die bedoeling daarmee is om eers die teologiese byl skerp te maak en te bereken hoe om 'n pad deur die bos te kap, eerder as om blindweg met 'n stomp byl te begin kap en straks in die bos te verdwaal.

Hoofstuk 2: DIE EVANGELISERENDE KERK

Die kerk is die liggaam van Christus. Vir daardie liggaam het Hy met sy bloed betaal.

Die hele Nuwe Testament dra die gedagte van die sentrale plek wat die kerk in die lewe van die gelowige inneem. Daarom is dit so ironies dat nie net die plig en roeping van die kerk in gedrang kom waar evangelisering nie tot sy reg kom nie, maar selfs die wese van die kerk self.

1. 'N BEELD VAN DIE EVANGELISERENDE KERK VANDAG.

1.1. Europa.

Dit is 'n welbekende feit dat die kerk in Europa en Noord-Amerika wat getalle en geesdrif betref, op 'n dalende vlak is. 'n Redelik hoë persentasie Europeërs is gedoop. Daar word egter beraam dat 160 miljoen Europeërs uit geen positiewe godsdienstige geloofsbelydenis leef nie.

Minder as 5% van alle Duitsers besoek die kerk gereeld, slegs 3% Swede en 1% Dene. Slegs 2% van die Anglikane in Engeland is gereelde kerkgangers. In Engeland sluit kerke teen 'n tempo van ongeveer 800 per jaar.

Daarteenoor geniet die Mormonisme en Okkultisme baie belangstelling, terwyl die Islamisme in Europa 'n groeiende faktor is om van die groeiende Kommunisme nie te praat nie!

1.2. Wes-Europa.

Die beeld van die kerk in Wes-Europa gedurende die sewentigerjare word beskryf as “the church is out and the Bible is in” (Van Cappellevan, 1975, p. 151).

Die groot belangstelling in kerklike eenheid wat gedurende die sestigerjare geheers het, het afgeplat. Die mense stel min belang in wat die kerk doen en proklameer. In baie groot stede is die getal predikante, om finansiële redes, met die helfte verminder.

Tog stel die mense in die Bybel belang. Dit is die eerste keer dat daar 'n toename in Bybelverspreiding was. Veral die spesiale vereenvoudigde vertalings is sterk in aanvraag.

Daar word selfs gepraat van 'n herontdekking van die Bybel. In Nederland is byvoorbeeld vasgestel dat die ouer mense, dié tussen 50 en 65, die Bybel minder lees as die groep 15-25.

Die Jeug-vir-Christus-beweging geniet baie ondersteuning. Maar die jeug wil die godsdienste informeel hê: op die grond sit en in koffiekroeg-evangelisasie belangstel.

1.3. Suid-Afrika.

Wat Suid-Afrika betref, bestaan daar geen sinvolle en toereikende gegewens oor die omvang van onkerklikheid nie. Hier en daar bestaan plaaslike gegewens. Dit is dringend noodsaaklik dat deurtastend navorsing hieroor kom.

Tot twee gevolgtrekkings kan egter sonder vrees vir teëspraak gekom word: eerstens dat die invloed van die sekularisme Suid-Afrika nog nie dermate verwoes het as wat die geval in Europa is nie; tweedens dat onkerklikheid so 'n omvang aanneem dat daar teenswoordig reeds 'n ontsaglike evangelisasieveld bestaan.

1.4. Die Gereformeerde Kerk.

Ons Gereformeerde Kerk beleef self op die oomblik 'n al stadiger wordende groei.

Sedert 1924 was die groei in 10-jaarperiodes soos volg (Coetzee, 1975):

1924-1934	40,0%
1934-1944	30,0%
1944-1954	28,0%
1954-1964	21,0%
1964-1974	17,5%
1974-1980	6,5%

Die “werfkrag” van 'n halfeeu gelede het tans afgeplat tot 'n groei van ongeveer dieselfde as die bevolkingsgroei. Nadere besinning oor en verwerking van hierdie gegewens is gebiedend noodsaaklik.

Op die gesigswaarde af lê die leemte op twee fronte:

- a. Ons Kerk verloor lidmate binne die kerk by wyse van vertrek sonder attestasie, verhuising binne die gemeente sonder dat die verhuising opgevolg kan word, ensovoorts.
- b. Ons Kerk kry op die vlak van “vermeerder” baie minder mense by.

2. EVANGELISASIE.

Die naakte werklikheid is dat met baie min uitsonderinge bitter min aan evangelisasie gedoen word.

Die onderstaande bedenkinge ten opsigte van evangelisasie word geopper:

2.1. *Evangelisasie is nie Gereformeerde praktyk nie.*

2.1.1. Dit is veeleer vrug, resultaat en praktyk in die werkveld van die Piëtisme en Metodisme.

Die antwoord hierop is dat dit waar is dat dit meesal die Piëtisme en Metodisme *is* wat tot nog toe aandag hieraan gegee het. Maar dit is sekerlik nie hulle alleenreg nie!

2.1.2. Dit is gekoppel aan bekeringsaksies en bewegings wat vreemd is aan ons Gereformeerde praktyk.

Antwoord: Waarom dit dan nie Gereformeerde inkleef nie?

2.1.3. Die kerk moet eerder sy eie huis in orde kry en reformeer in plaas van na buite evangeliseer; aandag moet liever aan die duisende verwaarloosdes binne die gemeente gegee word.

Antwoord: Oorgaan tot sending en evangelisasie is juis deel van die reformasie!

2.2. *Die Bybel bevat geen evangelisasie-opdrag nie (Brillenburger Wurth en Wiersenga, 1953, p. 17):*

Daar is 'n duidelike sendingbevel, maar geen duidelike evangelisasiebevel nie.

Antwoord: In hierdie argument is 'n valse probleemstelling geleë. E1-, E2- en E3-evangelisering is tog kwalitatief dieselfde, nieteenstaande die geografies verskillende arbeidsveld. Evangeliseer in ons sin van evangelisasie of sending is presies dieselfde. Meer nog, die *locus classicus* vir die evangelisasie, Hebr. 3:1, sê baie duidelik: Jy kan nie in Christus deel sonder om in die voortgang van sy evangelie te deel nie.

2.3. Dit is nie nodig dat die geïnstitueerde kerk by die evangelisasie betrokke is nie.

2.3.1. Is evangelisasie nie opsioneel nie? Is dit 'n reg, maar nie 'n plig nie?

Antwoord: Dit is duidelik dat die opdrag tot evangelisering met die sendingopdrag gegee is.

2.3.2. Moet dit 'n georganiseerde aksie wees? Is dit nie die onopsetlike, ongeorganiseerde taak van die lidmate nie?

Antwoord: Dit is belangrik dat die lidmate hierdie werk binne die amp van die gelowige doen. Maar geen aktiwiteit, ook nie die evangelisasie-werk van lidmate nie, behalwe natuurlik beperkte persoonlike vermaning, vertroosting en bearbeiding deur lidmate, kan ongekontroleerd en ongekoördineerd gedoen word nie. Dit sal tot chaos lei.

2.3.3. Moet evangelisasie amptelike werk wees? Die Innere Mission in Duitsland het in sy evangelisasieprogramme groot hoogtes bereik. Maar dit het toe tog uiteindelik lam gebloei, omdat dit totaal buite die kerklike ampte gefunksioneer het.

Andersyds kan die evangelisasiewerk ook deur ampsmonopolie so lam gelê word, byvoorbeeld in die aktiwiteite van 'n kommissie, dat dit hopeloos verstar en steriel raak.

Gesonde, lewenskragtige evangelisasiewerk behoort deur die amp van die gelowige gedra en behartig te word, maar dan op die volle verantwoordelikheid van die kerkraad.

3. DIE KERK - BEWAAR EN/OF VERMEERDER.

(Overduin, 1956, p. 26)

Die spanning van “bewaar”, dit wil sê gemeentebou, na binne werk, interne konsolidasie, en “vermeerder”, dit wil sê na buite werk, sending en evangelisasie doen, kom dikwels in die geskiedenis van die kerk na vore.

Die vraag word gestel: Wat geniet die voorrang: die “bewaar” of die “vermeerder” van die kerk? Dit word soms 'n spanning wat onder verskillende terminologie en vorme uitgebou word. Dit word soms aangebied as 'n keuse tussen een van die twee, óf kerkherstel, reformasie, herstel van die innerlike verval en die vervalde amp, óf evangelisasie en alles wat binne die blikrigting van na buite werk lê.

Hierdie teenstelling plaas nood teen nood — enersyds die nood van die wêreld, alkoholisme, kerkloosheid, sekularisme, ensovoorts; andersyds die afvalligheid en verwording binne die kerk. Met ander woorde bewoënheid oor die nood buite die kerk of besorgdheid oor die nood binne met betrekking tot die verval van die ampte, verwaarlosing van die tug, gebrekkige hantering van die waarheidsvraag, ensovoorts.

Die argument word gestel: eerder voorkoming as genesing. Hoe kan die kerk praat van vermeerder as hy innerlik siek is?

Andersyds word gestel: Hoe kan die kerk ooit sterk en gesond wees as dit nie na buite werk nie?

Die feit is egter dat ons hier met 'n valse teenstelling te doen het.

Sowel die een as die ander is plig van die kerk. Die een is so onontbeerlik as die ander. Beide is roeping van die kerk. Die kerk moet “bewaar”, maar mag ook nie nalaat om te “vermeerder” nie. Daar mag geen tweespalt of verskeurdheid hieroor bestaan nie. Die ewewigtige sakelys van die kerkraad gee net so veel aandag aan die werksaamhede wat op die bewaring as wat op die vermeerdering betrekking het.

Dit is ongebalanseerd en buite verhouding as die aangeleenthede in verband met die

innerlike opbou van die kerk al die tyd en krag monopoliseer. Dit is ook ongebalanseerd as die kerkraad soveel tyd en krag aan vermeerder wy, byvoorbeeld aan sending en evangelisasie dat die innerlike opbou in die slag bly. Erger nog is dit as die uitbeweeg 'n uitvlug word weg van geestelike armoede, ampsverval en ampsbankrotskap!

Die een is so noodwendig soos die ander. Die tweede bede lui: Laat u koninkryk kom. Daarmee bid ons: Bewaar en vermeerder u kerk.

Die een sluit by die ander aan.

Waar innerlike stagnasie intree, word niks gedoen om die kerk te vermeerder nie.

Waar innerlike lewensvatbaarheid bestaan, leef dit na buite. Al “bewarende” word die kerk “vermeerder”. Al vermeerderende is die bewaring soveel gesonder. Sonder vrees vir teenspraak kan ons sê: Ons Gereformeerde Kerk lê grootliks die klem op “bewaar”. Kerkraad en gemeente is gesteld daarop.

Wat die vermeerder-aspek betref: die kerkrade en gemeentes leef nie saam nie, nie met die sending nie en nog minder met evangelisasie.

4. NUWE STRUKTURE VIR 'N EVANGELISERENDE KERK?

Die vraag of die huidige struktuur van die kerk nog dienlik en paraat is om orgaan vir die evangeliseertaak van die kerk te wees, was in wye teologiese diskussie (Verkuyl, 1975, p. 93).

In 1964 het die konferensie van Asiatiese kerke in Singapoer 'n rapport vrygestel onder die titel “Structures for missionary congregations”. Dit is in 1967 opgevolg met 'n rapport in Genève ter bewoording van die Wes-Europese en Noord-Amerikaanse denke hieroor: “The church for others and the church for the world”.

Hierin is gepraat van die “come-structure” en die “go-structure” met betrekking tot evangelisasie.

Hulle bevinding was dat evangelisasie te veel die “come-structure” dra, dit wil sê mense moet kom en by die kerk kom aansluit. Die patroon moet ook, so word bevind, 'n “go-structure” hê, na die buitekerklike gemeenskappe gaan en die evangelie uitdra, dit moet na die buurt van bepaalde mense gaan en die kerk midde-in daardie gemeenskap gestalte laat kry.

Daar sit in hierdie bepaling iets wat aanspreek. Maar ook hier geld weer: die een beoefen en die ander nie nalaat nie.

4.1. *Wat leer die Nuwe Testament oor kerkstrukture?*

Net by wyse van opsomming die volgende:

4.1.1. Oral het spontaan gemeentes ontstaan.

4.1.2. Die Christene het geweldige invloed in die lewe uitgeoefen. Wat die siel in die liggaam is, was die Christene in die wêreld.

4.1.3. Daar was 'n sekere buigsaamheid met betrekking tot struktuur.

4.1.4. Die beeld van die kerk was dat dit 'n kerk was wat sy roeping sterk na buite uitgeleef het.

4.1.5. Die gemeentes was nie geslote klubs nie.

4.2. *Die diskussie oor nuwe voorgestelde strukture (Verkuyl, 1975, p. 96 e.v.).*

Die rapporte oor moontlike nuwe strukture het wye belangstelling geniet en verskillende voorstelle het na vore gekom.

4.2.1. *Voorstelle dat die parogie, die ou wykgemeente, moet verdwyn.*

K Kuiters en R Adolfs het gesê dat dié strukture uit die Middeleeue dateer en vandag sinloos en funksieloos is. Hoekendijk het sy boekie getitel *De kerk binnenste buiten* (1964). Hy begin sy werk met die feit van die absolute aktualiteit van evangelisasie: "Dit is niet mogelijk de oproep tot evangelisatie te negeren: over de gehele wereld is hy immers te horen" (Hoekendijk, 1964, p. 11).

Hy tipeer dit so: evangelisasie dui daarop: "men wordt zich bewust van de noodzaak opnieuw op weg te gaan" (Ibid., p. 12).

Maar, sê Hoekendijk, die kerk het helaas 'n te onbeweeglike struktuur, te star, sy boodskap is te onbegryplik, te onbuigsaam. Die Christen moet in die goeie toekoms van die kerk glo en hom vry en ontkramp op die pad begewe. Die ou parogiestruktuur is 'n dwangbeeld.

4.2.2. *Kategoriale gemeente* (Verkuyl, 1975, p. 96 e.v.). Hierdie voorstel behels, anders as die ou struktuur, 'n gemeente wat op 'n groep gerig is, byvoorbeeld 'n studentegemeente, 'n nywerheidsgemeente, vlootgemeente, ensovoorts.

4.2.3. *Huisgemeentes* is 'n verdere voorstel. Dit bestaan reeds in Afrika en Asië, waarskynlik veral in Kommunistiese China. 'n Ondersoek deur Hoekendijk het laat blyk hoe baie persone in Nederland huissamekomste bywoon. Hy het vir daardie jaar 1100 huisgemeentes in Utrecht gevind waar mense dit eerder bywoon as die eredienste in die groot parogiegemeentes.

4.2.4. *Basisgemeenskappe.*

Een van die jongste verwickelinge in Latyns-Amerika is basisgemeenskappe, byvoorbeeld in Brasilië. So 'n basisgemeenskap bestaan feitlik op die model van 'n sendingstasie. Verwaarloosdes, armes en verswaktes kom daar woon en word deur die werk van priesters opgebou en gerugsteun.

By hulle word 'n nuwe gemeenskapsbesef gekweek en leef die kerk sy opdrag van bystand en versorging uit.

Ook in Wes-Europa bestaan dergelike basisgemeenskappe meesal in fel kritiek op die kerk.

4.2.5. *Streekstrukture.*

Dit is 'n sone, territoriale gebied of streek waarbinne die grootste deel van die bevolking leef en werk. Hierdie strukture bestaan in 'n gebied waar daar 'n swaar konsentrasie van mense is, 'n differensiasie van lewensektore en 'n gerieflike vervoer-beweeglikheid.

'n Stad of 'n groot plattelandse gebied kan so 'n sone wees waarbinne die kerk herstruktureer kan word. Die lede sal baie losgebonde voel en in talle opsigte nou aanmekaar skakel. Dit beteken byvoorbeeld in 'n stad intense samewerking en skakeling van al die gemeentes in daardie gebied.

4.2.6. *Die kommunikatiewe gemeentes* (Verkuyl, 1975, p. 101 vv.).

Walter Hollerwegen het in 1971 in Zürich 'n baie interessante boek gepubliseer onder die titel *Kirche, Benzin und Bohnesuppe*.

Walter Hollerwegen is 'n baie interessante teoloog. Hy is opgelei as bankklerk in Switserland, is beïnvloed deur die Pinksterbeweging en word evangelis in Engeland en gaan studeer in die Teologie in Switserland, waar hy promoveer op 'n proefskrif oor die Pinksterbeweging.

Tans is hy professor in Birmingham, Engeland. Hy is een van die groot eksponente van 'n nuwe struktuur met die oog op 'n beter evangelisasietaak. Hy is voortdurend

betrokke by eksperimente in sake die struktuur: hy stel besonder belang in die kerk in Latyns-Amerika en hy beywer hom vir inskakeling van die Pinksterkerk by die Wêreldraad van Kerke. Hollerwegen se simposiumboek verhaal van verskeie eksperimente en voorbeelde met betrekking tot praktiese evangelisasie.

Voorbeelde: Ds. M Imai van Japan het langs snelweg nr. 2 na Tokio 'n groot herberg van vragmotorbestuurders waarin 500 mense versorg kan word. Dit ruik daar na petrol en boontjiesop. Hy voer groeps gesprekke in sy pastorale en evangelisasie-werk.

Rev. P R Carlson, Presbiteriaanse predikant, het busbestuurder geword om onder die busbestuurders te kan werk.

Ted Nofs in Sidney het 'n Beatnikkerk waar hy onder prostitute, drankverslaafdes, ensovoorts werk.

Dit is dus veelal voorstelle en voorbeelde van 'n nuwe struktuur vir die kerk, veral met betrekking tot die skakeling na buite.

Teenswoordig word die term *kerk* as “community within communities” dikwels gehoor.

Hollerwegen is dus eksponent van die prediking met die daad: “Jesus did not merely describe the new man. Where Jesus appeared, the new man became visible” (Hollerwegen, 1976, p. 42).

4.3. Herwaardering vir die ou struktuur (Poetsch, 1967, p. 50).

Baie in die algemeen kan bepaal word: al die voorstelle en eksperimente is interessant en belangrik, maar 'n nuwe struktuur is makliker gesê as gedaan. Die debat na Hoekendijk se verpletterende kritiek op die ou parogiestruktuur het oorgegaan in nugtere besinning oor die kerk. Oral is opnuut 'n studie van die ou parogie gemaak.

In baie gevalle het nuwe lewe in die ou gemeente begin opflikker. Bejaardesorg, jeugwerk, ensovoorts is beklemtoon. Maar oor die algemeen is besef: wat ook al die aard van die struktuur is, dit moet geïnstitueer en georganiseer word. Daarom raak die voorstellers al stiller en versigtiger.

Ook Peter Berger, 'n baie bekende Amerikaanse kerk-sosioloog, maan dat die bestaande strukture nie te oorhaastig onder druk gestel moet word nie.

Dieselfde geld die siening van die Rooms-Katolieke Kerk, wat onverswakte prys op die kerk as instituut stel (International Theological Conference, 1975, p. 250).

Ons gevolgtrekking omtrent die gedagtes en voorbeelde ten opsigte van nuwe strukture is:

- a. Ons moet by daardie mense leer dat daar groot nood en ellende onder die mense in die wêreld, in die stede is. Ons besef dit nie genoegsaam nie.
- b. Nie een van die voorstelle lewer enigsins 'n bewys dat die ou beproefde struktuur uitgedien en ondienlik is nie. Die fout dat daar nie evangelisasie gedoen word nie, lê nie by die struktuur nie. Die fout lê by die kerkrade en lidmate.
- c. Ons wyksouderlingstelsel en besoek voor nagmaal en kontak van predikant, ouderling en diaken het nie sy gelyke in die Suid-Afrikaanse kerklike toneel nie. Kan ons dankbaar genoeg wees daarvoor?
- d. Daar moet by ons baie ernstige gehoor wees vir die nood van die wêreld. Ons moet baie meer doen as net volstaan met wat binne die huidige wykstelsel gedoen word.

5. GEMEENTE-ANALISE

(Verkuyl, 1975, p. 109)

Ons het hier met 'n praktyk te doen wat baie kan help om evangelisasie bewus te stimuleer en in werking te stel, mits dit reg verstaan en binne ons kerkpatroon toegepas kan word.

Ons sal daarom saamstem dat wat Europa en die VSA betref, daar tans weinig werfkrag geopenbaar word. Oral is die verbrokkelingsproses aan die gang. Derhalwe word gemeente-analises georganiseer as poging om 'n diagnose van die leemtes te maak. Twee voorbeelde:

5.1. *Dr. DF Thompson.*

Hy is enkele jare gelede in Skotland oorlede nadat hy langer as vyftig jaar die leiding moes neem met betrekking tot evangelisasie in die Church of Scotland.

Thompson se oortuiging het gegroei dat die swak plek in die hele evangelisasie-saak die feit was dat die plaaslike gemeentes nie daarby betrokke was nie. Die gemeentelede bly onbetrokke. Vandaar die gemeente-analise gedurende die laaste jare van sy werk. Hy het die analises nie net vir die Church of Scotland gedoen nie, maar ook vir Anglikane, Metodiste, ensovoorts. Sy metode was die volgende:

Hy het in so 'n gemeente gaan vertoef en op alle maniere soveel moontlik informasie oor die omgewing gekry. Dan werk hy 'n program uit waarin hy self met gemeentelede groepsgegewys die tema bespreek: Die kerk in die brandpunt.

Dit is vertroulike samesprekings.

Dit is verteenwoordigend: die jeug, vroue, gemeentelede uit verskillende beroepe, nuwe intrekkers, ouers van kinders in die katkisasie, kinders, ensovoorts. Dit word gedoen by 'n gesamentlike ete in 'n ontspanne atmosfeer.

Die vraag bly altyd: Hoe kan almal ingeskakel word? Daar heers 'n gees van absolute openhartige samespreking. Sondag word die resultaat in die dienste bespreek. Dusdoende kry die kerkraad 'n indringende gemeente-analise. Meestal lei dit tot meeleving in die gemeente.

Die waarde daarvan is dat dit 'n buitestaander is wat as 't ware 'n kliniese beeld van die gemeente voorhou. Die analyse bring dit na vore wat andersins baie moeilik onder die aandag sal kom, en dit is: Wat is die moeilikhede, en wat is die moontlikhede?

5.2. *'n Gemeente-analise in Uganda (gehou in 1971).*

Hierdie analise is daarmee afgesluit dat die gemeentelede die volgende vrae moes beantwoord:

- a. Wat wil u gaan doen? Watter taak?
- b. Waarom wil u dit doen? Wat is die nood?
- c. Hoe gaan u dit doen?
- d. Wie gaan dit doen?
- e. Wanneer gaan u daarmee begin?
- f. Waar gaan u dit doen?

Die leier van die analise bepaal: die vraag is hoe word die kerk weer dienende missionêre kerk. Dit mag die kerkraad help om onverwagse gawes asook talente en bereidwilligheid te ontdek.

'n Vraag: Is dit nie tyd dat ons ons visitasie sodanig verdiep en dat, tot hulp van die

kerkraad, 'n ontleding van die probleme en 'n monsterring van die talente na vore kom nie? Dit sal kerkrade in die evangelisasietaak help. Kan ons klassisse dit nie oorweeg nie?

6. DIE PLAASLIKE EVANGELISERENDE KERK.

God het 'n behae nie net in die redding van bepaalde persone en in hulle opleiding nie, maar ook in sy kerk en koninkryk. Hy wil dat die kerk 'n nuwe gemeenskap moet wees.

Die gelowige in Christus is dus by die kerk betrokke. Die kerk is God se evangelisasie-werktuig. Daarom is dit van die grootste belang dat die kerk 'n liefdevolle gemeenskap moet wees.

Dit moet die evangelie uitdra. Die moet ook die kerklose en vervreemde liefdevol in sy midde ontvang. Dit is wat David Watson op uitnemende wyse na vore bring in sy boekie: *I believe in Evangelism*.

6.1. Die kwaliteit van die gemeentelike lewe (David Watson, 1976, p. 137).

Wat is die kwaliteit van die gemeentelike lewe? Is dit 'n broeines van rusies en 'n paar maak-en-brekers? Dan stoot dit die buitestaander af.

Het dit die beeld van 'n outydse klooster, waartoe jy nie maklik toegang kry nie? Dan gaan daar min aantrekkingskrag van so 'n kerk uit. Is dit 'n werkkamer?

Dit is van groot belang met betrekking tot evangelisasie. Evangelisasiewerk vloei uit 'n gesonde kerklike liggaam. So was dit gedurende die eerste eeue na Christus. Die een was bereid om die ander te dien. Sonder so 'n gesonde basis waarin die evangelisasiëgevalle uiteindelik teregkom, kan nie aan evangelisasie gedink word nie.

6.2. Evangelisasie-aanpak (B Green, 1955, p. 49).

Dit is nie genoeg as net die predikant en enkele kommissielede in evangelisasie belangstel nie. Die gemeente moet bewus wees daarvan dat hy sy taak uitvoer, dit wil sê hulle moet op evangelisasie ingestel wees.

Daaromtrent is daar baie belangrike aspekte wat beantwoord moet word, soos:

- a. Is evangelisasiedienste nodig vir diegene wat nog met melk gevoed word voordat hulle vaste spyse begin inneem?
- b. Moet jy die evangelisasiëweringe eers in 'n eie groep organiseer voordat hulle by die gemeente inskakel soos in 'n stadium deur die CGK in die VSA gedoen is?
- c. As jy hulle inskakel, hoe moet dit plaasvind?

6.3. Die waarde van huisevangelisasie (G W Peters, 1970, p. 160).

Michael Green (1975, p. 169) wys op die belangrikheid hiervan. In die ou Christelike kerk het twee werktuie wat vandag hoog aangeslaan word, glad nie of min gefigureer, naamlik massabyeenkomste (vgl. W Thomas, 1977) en kerk-evangelisasie.

Die huise van gelowiges is dikwels gebruik, byvoorbeeld, Jason, Filippus, die moeder van Markus, ensovoorts.

6.4. Die waarde van persoonlike kontak.

Verkuyl (1975, p. 12) skryf dat hy in sy tyd baie mense tot die kerk sien toetree het, byna altyd omdat hulle met lidmate van die kerk in aanraking gekom het.

Daarom moet die evangeliserende plaaslike kerk nie soos 'n geslote klub wees nie, maar 'n gemeenskap met 'n oop hart en gemoed wat die vervreemde laat voel: Hierdie mense is bly dat ek weer in hulle midde is. Dit is 'n diep motief in die hart van die mens om diensbaar te

wees en om te voel dat jy aan iemand behoort.

7. DIE GROEIENDE KERK.

Daar is in die jongste tyd heelparty studies gelewer oor die groei van kerke by wyse en as gevolg van evangelisasie. David Watson (1976, p. 153) verwys na so 'n ondersoek met betrekking tot sewentien plaaslike gemeentes in die VSA, Engeland en Australië. Die volgende tien faktore het by al hierdie groeiende evangeliserende gemeentes voorgekom:

1. Gebedesamekomste met die oog op 'n gesonde innerlike gemeentelike lewe en evangelisasie en sending.
2. Getuienis. Groepe gemeentelike besoek belangstellendes en verkondig Christus as Verlosser en Saligmaker.
3. Die aantrekkingskrag van nuwe lede (Hand. 2:47). Dit skep 'n lewende verwagting: Wie sal nog by ons aansluit?
4. Vreugde. In die gemeentes heers 'n aansteeklike vreugde.
5. Bybelstudie.
6. Tersaaklike prediking.
7. 'n Netwerk van aktiwiteite met betrekking tot sending, evangelisasie, diakonaat, versorging van ou mense, jeugaksies, ensovoorts.
8. Die gemeente is hartlik jeens mekaar soos 'n familie.
9. Leierskap berus nie net by een persoon, die *prima donna* van die gemeente, nie.
10. Onderlinge liefde ten spyte van verskeidenheid.

In die lig hiervan moet ons daarop let dat die uitdaging wat die kerk onder oë moet sien, nie is dat die wêreld nie belangstel in die evangeliseringsboodskap nie, maar dat die kerk nie soveel lewe, durf en roepingsgevoel het om die evangelie te gaan verkondig nie (Potter, 1978, p. 175).

8. PREËVANGELISASIE.

Ons staan aan die vooraand van 'n nuwe bedeling in ons kerk, waar evangelisasie 'n swaar aksent sal dra. Daar moet dus behoorlike aandag aan preëvangelisie gegee word. Dit behels drie sake:

8.1. *Besinning.*

Daar moet behoorlike besinning deur die kerk oor die aard en wese van sy evangelisasietaak wees. Dit behels behoorlike studie van strominge, metodes en aanbiedinge; behoorlike uitwerking van strategie en bestekopnames, anders verbrand ons ons vingers en maak fundamentele foute.

Dit is nou die tyd vir preëvangelisie.

8.2. *Toerusting en voorbereiding.*

Die tweede doel van preëvangelisie bestaan in toerusting en voorbereiding van Christene wat hulle hiervoor gee (B Haning, 1974, p. 43).

8.3. *Afbreek van mure.*

Die derde deel van die preëvangelisie is afbreek van die mure wat kommunikasie tussen kerk en wêreld belemmer; kontak maak met die mense buite die kerk; 'n vriendelike, simpatieke, toegeneë gesindheid teenoor die kerklose publiek.

B Green (1955, p. 9) beskryf dit as een van die bemoedigendste gebeurtenisse in die Christelike kerk wat die afgelope dertig tot veertig jaar plaasvind. Die wêreld is ryp daarvoor en wag daarop.

9. EVANGELISASIE DEUR DIE LEWENDE KERK.

(Vgl. De Klerk e.a., 1979, p. 349, e.v.)

9.1. *Taak van die kerk.*

Evangelisasie is taak van die kerk self. Die kerk het hierdie opdrag van Christus ontvang. Die kerk wat dit nalaat, is ontrou aan sy Sender. Dit is die taak van die hele kerk: nie net van 'n paar belangstellendes of kommissieleders nie.

Dit is normale taak van die kerk, wat met volgehoue ywer verrig moet word. Dit staan sentraal in die kerklike lewe en groei uit die hart van die kerk. Die hartklop van die kerk moet daarin gehoor word.

Dit is dus vanuit die kerk terug na die kerk. Die plaaslike kerk moet dit dra. Dit is die operasiebasis en werkterrein.

Evangelisasie moet uit die wortel van die plaaslike kerk groei. Dit is ongesond as dit van bo, byvoorbeeld van die Sinode af, of van buite, byvoorbeeld deur evangelisasiebewegings, geïnspireer moet word. Die predikant speel 'n groot rol, en die kerkraad moet die volle verantwoordelijkheid neem en dra.

9.2. *Taak van die lewende kerk.*

'n Geestelik dooie gemeente evangeliseer nie. Dit stel nie belang in sending en evangelisasie nie. Meer nog, 'n halfdooie kerk bederf evangelisasie, laat geleenthede onbenut en besondig homself.

'n Lewende kerk leef uit die bronne van God. Egte lewe van 'n gemeente behels veel meer as kerkbesoek.

Die Christen vra vandag al meer en meer: Wat moet ek doen? Dit lei tot daadwerklike vernuwings van die kerk, omdat daar terugkeer tot God deur die afgedwaaldes is en verdieping in die geloofslêwe by die lidmate.

Dit is oral in die wêreld die ervaring dat die kerk wat evangeliseer, self vernuut word en groei en in die geloof versterk word.

Dit is ons taak wat Christus op ons gelê het. Die kerk kan die goud nie maak nie, maar hy kan dit in die lewe van die afgedwaaldes en onkerklikes ontdek en herontdek.

BRONNELYS

BOOYSEN, D J, 1966, *Die verkondiging van die Woord aan buite-kerklikes*,

Proefskrif, UP. BRILLENBURGH-WURTH, G en W A Wiersenga, 1953, *Het Evangelie in een ontkerstende wêreld*, Kampen, Kok.

BRINK, A, 1948, *Evangelization and the Church*, in *Reformed Evangelism*,

C R Churches, Grand Rapids, Baker.

COETZEE, J C, 1975, *Wat is God se doel met ons?* in *Almanak van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*.

DE KLERK, J J, 1979, *Oriëntasie*, in *Evangelistiek*, Pretoria, NG Kerkboekhandel.

GREEN, B, 1955, *The practice of evangelism*, New York, Charles Scribner.

GREEN, M, 1970, *Evangelism in the Early Church*, Grand Rapids, Eerdmans.

- GREEN, M, 1975, *Methods and strategy in the Evangelism of the early church in International Congress on World Evangelization, Let the earth hear his Voice*, Minneapolis, World Wide Publications.
- HANING, B, 1974, *Evangelization Today*, Notre Dame, Fides.
- HOEKENDIJK, J C, 1964, *De Kerk binneste buiten*, Amsterdam, Ten Have. *Declaration of the International Theological Conference on Evangelization and dialogue in India, 1972*, Rome Universita.
- HOLLERWEGEN, Walter, 1976, *Evangelism Today*, Belfast, Christian Journals.
- KRUGER, M A, 1973, *Vryheid vir die ganse mensheid*, Proefskrif, PU vir CHO.
- MONSMA, M, 1948, *The fundamental principles of reformed Evangelism*, in *Reformed Evangelism*, C.R. Church, Grand Rapids, Baker.
- OVERDUIN, J, 1956, *Die Evangelie vandag*, Potchefstroom, Pro Rege.
- PETERS, G W, 1970, *Saturation Evangelism*, Grand Rapids, Zondervan.
- POETSCH, Hans-Lutz, 1967, *Theologie der Evangelization*, Bremen, Stelten.
- POTTER, P A, 1978, *Evangelization in the Modern World*, in *Mission trends no. 2 Evangelization*, (ed.) G H Anderson, Grand Rapids, Eerdmans.
- RAYAN, Samuel, 1975, *Evangelization in the Modern World*, in *Mission trends no. 2 Evangelization*, (ed.) G H Anderson, Grand Rapids, Eerdmans.
- STOTT, John R W, 1975, *The Biblical basis of Evangelism*, in *Let the Earth hear his voice*, International Congress on World Evangelization, Minnesota, World Wide Publications.
- THOMAS, W, 1977, *An assessment of Mass meetings as a method of Evangelism*, Amsterdam Rodopi.
- VAN CAPELLEVEN, Jan, 1975, *Western Europe in the seventies* in *Let the earth hear his voice*, International Congress on world evangelization, Minnesota, World Wide Publications.
- VERKUYL, J, 1978, *Inleiding in die evangelistiek*, Kampen, Kok.
- WATSON, Dawid, 1976, *I believe in evangelism*, Grand Rapids, Zondervan.
- WINTER, Ralph P, 1975, *The Highest priority: cross cultural evangelism*, in *Let the earth hear his voice*, International Congress on World Evangelization, Minnesota, World Wide Publications.

Die Missionêre Karakter van die Kerk - Prof. L Floor

PRINSIPIEEL

1. DIE KERK VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT.

Ons woord *evangelisasie* is afgelei van die Bybelse woord *εὐαγγελίζεῖν*, die mededeling of verkondiging van 'n vreugdevolle boodskap. In die algemeen word met *εὐαγγελίζεῖν* die prediking van die evangelie as Woordbediening in die midde van die gemeente bedoel. Maar ook die sendingprediking aan die heidene is so genoem.

Ons het egter daaraan gewoon geraak om hierdie woord te gebruik in die beperkte betekenis van die terugroep van die afgedwaaldes van die kerk tot die Here en sy diens.

Daar is inderdaad verskil tussen sending en evangelisasie. Op die sendingveld klink die roep: Kom! Op die terrein van die evangelisasie hoor ons die boodskap: Kom terug!

In die Nuwe Testament *εὐαγγελίζεῖν* veral in sy mediale vorm by uitstek 'n sendingterm. Volgens die teks van Nestle word hierdie werkwoord 43 keer deur Lukas en Paulus gebruik.

Εὐαγγελίσεσθαι het 'n messiaanse klank: die gedagte van 'n heilbode was in die Palestynse Jodedom in die tyd van Jesus lewendig, en in die Christelike gemeente het hierdie werkwoord die tegniese term geword vir die verkondiging van die evangelie in die nuwe bedeling (Friedrich, 1950, II, p. 717, 718).

Daar is in die Nuwe Testament — soos ons later nog sal aandui — ook ander woorde waarmee die verkondiging van die evangelie omskryf word. Ons moet egter eers die vraag probeer beantwoord wie die subjek van *εὐαγγελίσεσθαι* is. Aan wie het die Here die verkondiging van die evangelie in die nuwe bedeling opgedra? Die antwoord op hierdie vraag kan alleen helder omskryf en geformuleer word wanneer ons let op die kader of die konteks waarin die Nuwe Testament oor die verkondiging van die evangelie gepraat word.

Evangelisasie in die Bybelse betekenis van die woord staan in die Nuwe Testament in die konteks van die opbou van die kerk. Wie derhalwe oor evangelisasie wil praat, moet eers oor die kerk praat.

Dit blyk baie duidelik uit die Nuwe Testament self. Wanneer ons in die Nuwe Testament na die subjek van *εὐαγγελίσεσθαι* gaan soek, dan vind ons in die eerste plek 'n verwysing na die apostels. Hulle het van Christus die opdrag ontvang om die evangelie in die wêreld uit te dra (Luk. 9:6; Hand. 5:42).

Later, wanneer die apostoliese amp wegval, omdat hulle as getuies van die opstanding van Christus hulle werk gedoen het, word die taak van die evangelieverkondiging deur gevolmagtigde predikers oorgeneem, hulle wat in woord en leer arbei (1 Tim. 5:17). Maar in die derde plek word in die Nuwe Testament ook die kerk as die subjek van *εὐαγγελίσεσθαι* aangedui. *Locus classicus* is hier 1 Petrus 2:9.

Wanneer ons 'n ondersoek gaan instel na die Bybelse gegewens oor evangelisasie, dan sal ons eers oor die kerk moet praat. Daar word in die Nuwe Testament op verskillende maniere oor die kerk gepraat. Die wonder van die kerk word vir ons in die Nuwe Testament met 'n veelheid van beelde geteken: liggaam, bruid, gebou, tempel, pilaar. Maar wanneer ons tot 'n wesensbepaling van die kerk wil kom, dan vind ons in die Nuwe Testament twee belangrike aanduidings van die kerk:

Allereers word die kerk vir ons in die Nuwe Testament as die volk van God geteken (1 Pet. 2:9). Die kerk is die eskatologiese volk van God, die voortsetting van die Godsvolk van die Ou Testament.

Wat is die taak van die kerk as die nuwe Godsvolk? Petrus skrywe: “om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig” (1 Pet. 2:9). Hoe en deur wie die kerk dit moet doen, sal ons later nog sien.

Op die vraag op watter wyse die kerk as die volk van God bestaan, is die antwoord: as liggaam van Christus. Dit is die tweede konsepsie van die kerk in die Nuwe Testament. Die kerk is die liggaam waarvan Christus Hoof is (Ef. 1:22, 23). Openbaringshistories gesien is die kerk die volk van God, en Christologies beskou, is die kerk die liggaam van Christus.

Die verkondiging van die evangelie in al sy fasette staan in die Nuwe Testament in die breër raamwerk van die liggaam van Christus, en dan met name van die opbou van die liggaam.

2. DIE OPBOU VAN DIE KERK VOLGENS DIE NUWE TESTAMENT.

Die kerk as die volk van God en as die liggaam van Christus het nog nie dadelik sy einddoel bereik en tot volkomenheid gekom nie. Daarom is die kerk van die Nuwe Testament die blywende voorwerp van goddelike sorg.

Soos ons ons eie vlees nie haat nie, maar dit voed en koester, net so doen Christus dit met sy gemeente (Ef. 5:29). Die kerk word vir ons geteken as 'n liggaam wat moet groei, wat die volwassenheid moet bereik (Ef. 4:13).

Daar word in die Nuwe Testament veelvuldig oor die opbou van die gemeente gepraat. Die opbouwerk is in die liefde van Christus vir sy kerk gewortel. Hy verlang om sy gemeente voor Hom te stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets desgelyks, maar dat dit heilig en sonder gebrek moet wees (Ef. 5:27).

Die begrip *opbou* het sy wortels in die Ou Testament, waar dit 'n simbool van God se genadige handeling met die res van sy volk is (vgl. Roberts, 1961, p. 22 e.v.).

Die woord *opbou* is by uitstek die woord vir die voortgaande en voleindigende heilswerk van God aan sy gemeente (Ridderbos, 1966, p. 483).

Daar word in die Nuwe Testament van 'n tweevoudige opbou van die kerk gewag gemaak: enersyds word op die innerlike konsolidasie van die gemeente gewys, en aan die ander kant op die uitbreiding van die gemeente. Daar is dus sprake van tweërlei opbou: 'n intensiewe en ekstensiewe opbou.

Die intensiewe opbou het betrekking op die geestelike groei van die gemeente (vgl. Ef. 4:12, 13). Geestelike volwassenheid in Christus is in die Nuwe Testament 'n duidelike pastorale doelstelling. Die Woordverkondiging en pastorale arbeid in die gemeente is primêr daarop gerig dat God se verlossingswerk in Christus deur die Heilige Gees tot volle ontplooiing moet kom. Dit behels die geestelike opgroei van die onvolwasse kind in Christus tot 'n volwasse man in Christus (vgl. Cloete, 1978, p. 3).

Die ekstensiewe opbou het betrekking op die uitbreiding van die kerk onder die volkere. Die Heidelbergse Kategismus druk hierdie tweevoudige opbou-arbeid so treffend uit met die woorde: bewaar en vermeerder u kerk (Sondag 48).

Kort saamgevat kan van hierdie opbou-aktiwiteit die volgende gesê word:

- a. Ons moet die opbou in die eerste plek as die voortgaande werk van God aan sy volk sien. Hierdie voortgaande en voleindigende werk van God bestaan in die toebring van hulle wat nog buite is (Rom. 14:19, 20), maar ook in die innerlike versterking en volmaking van almal wat tot die Godsvolk behoort (1 Kor. 14:3; 1 Thess. 5:11).
- b. Hierdie opbouwerk vind plaas op die fondament wat gelê is, naamlik Christus (1 Kor. 3:10, 13).
- c. Ter wille van hierdie opbouwerk het God die gemeente toegerus met allerlei gawes en kragte, met ampte wat die opbou moet bevorder (Ef. 4:11 e.v.).
- d. Besondere aksent val by die opbou in die Nuwe Testament op die self-opbou van die

gemeente. Die heiliges moet vir hulle dienswerk toegerus word (Ef. 4:12), en dan kwalifiseer Paulus die opbouwerk nader as self-opbou, of eie opbouing in die liefde (Ef. 4:16).

Wanneer Paulus van toerusting met die oog op dienswerk praat, dan kan ons tweërlei diens onderskei. Daar is in die eerste plek die praktiese diens in die gemeente, en tweedens die praktiese diens van die gemeente in die wêreld.

Met die oog op die praktiese diens in die gemeente en die praktiese diens van die gemeente in die wêreld, word die gemeente met 'n groot verskeidenheid van gawes toegerus.

Hierdie gawes het dus met die goeie funksionering van die gemeentelewe te make. Daarom tref ons die uitsprake oor die gawes van die Gees ook aan in kontekste waar na die gemeente as 'n liggaam, die liggaam van Christus, verwys word. Die beeld van 'n liggaam dui die gemeente as 'n organies funksionerende grootheid aan. Dit beteken dat die doel van die Gees met die gawes op die vooruitgang en bevordering van die hele gemeente van God gemunt is.

Die gawes dien die opbou van die gemeente.

Ook sake wat maklik as nie-geestelik beoordeel kan word, wat bloot as administratief beoordeel kan word, sien Paulus as besondere gawes van die Heilige Gees, wat op die opbou van die gemeente afgestem is, sowel intensief as ekstensief. Dit is byvoorbeeld ook 'n gawe van die Gees om in die gemeente leiding te kan neem, om die gemeente te kan regeer (1 Kor. 12:28; Rom. 12:8); so ook om met die geldsake van die gemeente om te gaan. Hierop slaan tog die gawe om op goeie wyse uit te deel waar die behoefte bestaan (Rom. 12:8).

Daar is ook gawes wat in die gemeente onder die leiding van die Heilige Gees en derhalwe op bevel van Christus openlike erkenning ontvang. In daardie geval praat ons van ampte. In Efesiërs 4:11 het ons duidelik met die grondslae van die amp in die Nuwe Testament te make.

Dit is besonder belangrik dat daarop gelet word dat blykens Efesiërs 4:11, 12 die ampte as gawes aan die gemeente geskenk is met die doel om die gelowiges toe te rus of op te lei vir 'n bepaalde dienswerk in verband met die opbouing van die gemeente as die liggaam van Christus.

Elke gelowige het as lid van die liggaam 'n bydrae tot opbou van die geheel te lewer. Hiervoor moet hy deur die ampte opgelei word, sodat hy vir sy taak bekwaam kan wees.

Die opbouwerk het by Paulus steeds tweërlei klem. Dit is na binne en na buite gerig, dit het te make met sowel die onderlinge versorging van die gelowiges as met die bekering van ongelowiges wat nog buite staan (vgl. Rom. 15:1-13; 1 Kor. 14:3, 4; 1 Kor. 14:23-25; Ef. 2:19, 20; Ef. 4:12-16).

So funksioneer die gemeente op 'n gesonde wyse in die wêreld wanneer elke lid voorsien word van dit wat hy nodig het om op bekwame wyse die opdrag van God tot opbou van die geheel uit te voer.

Ons moet dus baie goed raaksien dat in die Nuwe Testament die opbouwerk van die gemeente waarby elke lid ingeskakel behoort te wees, sowel intensief as ekstensief onder leiding van die ampte staan.

Efesiërs 4:11, 12 spreek eers van die ampte en daarna van die heiliges. Deur hulle wat in 'n amp staan, word die heiliges vir hulle dienswerk toegerus. Christus het aan sy kerk ampsdraers gegee. Hy het ampte ingestel, sodat hulle die gelowiges vir hulle *diakonia* sou toerus, soos daar letterlik in Efesiërs 4:12 staan. *Diakonia* is elke nederige diens wat alleen uit en deur die groot *Diakonos*, Jesus Christus, verrig kan word (Velema, 1966, p. 498).

3. DIE ROEPING TOT DIE EKSTENSIEWE OPBOUWERK.

In verband met ons onderwerp is dit nou belangrik om na te gaan waartoe die gelowiges, die toegeruste lidmate van die kerk, geroep is. Die roeping met betrekking tot die intensiewe opbouwerk is duidelik. Paulus het dit in Efesiërs 4:13-16 breedvoerig uitgewerk.

Maar het die gelowiges ook 'n roeping om mee te werk aan die ekstensiewe opbou van die gemeente of, om in terme van ons tyd te praat, tot evangelisasiearbeid?

In die Nuwe Testament is daar nog geen onderskeid tussen sending en evangelisasie soos ons hierdie onderskeiding vandag hanteer nie. Wanneer dit hier dus om die ekstensiewe opbouwerk gaan, dan is uiteraard die sendingwerk bedoel. Ons moet hier na Bybelse riglyne en beginsels soek en dit daarna op ons tyd en op die evangelisasiearbeid toepas.

In die Nuwe Testament is die uitdra van die evangelie aan hulle wat 'buite' is, primêr die taak van die apostels. Die prediking van die apostels is die kern en die krag van die getuigenis van die gemeente in die wêreld (Van Swigchem, 1955, p. 20).

Wel is die gemeente ten nouste by die arbeid van die apostels betrokke. Daar is 'n voortdurende 'terugvoering' van wat op die sendingveld gebeur, na die gemeente. Die arbeid van die apostels word ook deur die voorbidding van die gemeente gedra. Ook word aan die apostels deur medewerkers daadwerklike hulp gebied. In die taal van die Nuwe Testament kom hierdie daadwerklike hulp pragtig tot uitdrukking in die werkwoord *προπέμπειν*, voorthelp (1 Kor. 16:6; 2 Kor. 1:16; Rom. 15:24; Filemon :22). Die hulp was onder andere geleë in bemiddeling vir die verkry van losies of 'n geleentheid om met 'n skip saam te ry.

Die apostels het as gevolmagtigdes van die opgestane Christus 'n missionêre roeping ontvang wat die lidmate van die gemeente nie op hierdie wyse besit nie. Hulle verkondiging is 'n verkondiging met 'n geheel en al eiesoortige opdrag, naamlik van die opgestane Christus self. Hulle moet ook amptelik as ooggetuies van die opstanding van Christus optree.

Wel is hul arbeid deur die meebid, meelewe en meewerk van die Christelike gemeente omring. Dit is belangrik om die onderskeid tussen die taak van die apostels en die lidmate van die gemeente goed in die oog te hou. Wanneer ons by die verskillende terme kom wat in die Nuwe Testament vir verkondiging gebruik word, sal die onderskeid nog duideliker aan die lig kom.

Die apostoliese opdrag in verband met die ekstensiewe opbou van die kerk lees ons in Matteus 28:19. Hier is ons by die fondament. In Paulus se oudste briewe lees en telkens dat hy afgesonder is om die evangelie te verkondig (Gal. 1:15; Gal. 2:7, 1 Thess. 2:4). Maar dit is ook 'n opdrag aan die kerk (vgl. Matt. 28:20; Boer, 1961, p. 18 e.v.).

Namate die werk van die ekstensiewe opbou van die kerk egter uitbrei, word die apostels deur 'n afsonderlike groep persone in hulle arbeid bygestaan. Hierdie mense word in die Nuwe Testament as evangeliste aangedui. Algemeen word aanvaar dat die evangeliste die apostels in hulle missionêre arbeid bygestaan het. Hoewel die evangeliste in Efesiërs 4:11 by 'n groep ampte genoem word wat op 'n binnegemeentelike taak gerig is, dus op die intensiewe opbouwerk, en hulle dus ook saam met die apostels in die instituut van Christus tot toerusting van die gemeente staan (Roberts, 1962, p. 151), het hulle tog duidelik die opdrag om aan die ekstensiewe opbou van die gemeente mee te werk (Hand. 21:8; 1 Tim. 4:5).

Namate die werk uitbrei en gemeentes gestig word, lyk dit of die taak van die evangelis meer en meer verskuif van die ekstensiewe opbouwerk na die intensiewe opbouwerk.

Naas en wellig ook as opvolgers van die evangeliste tree die leraars op die voorgrond. Op besonder kenmerkende wyse kom hulle amp tot uitdrukking in 2 Tim. 2:2, waar Timotheus, een van Paulus se helpers wat die werk van 'n evangelis moet doen (2 Tim. 4:5), vermaan word om manne te vind wat betroubaar sal wees en wat die *χάρισμα* besit om ander te kan

leer. Aan hulle moet hy die apostoliese getuienis oorlewer.

Die leraars het blykens Efesiërs 4:11 die taak om die gelowiges vir hulle dienswerk toe te rus. Hulle arbeid is na binne gerig. Hulle moet by die intensiewe opbouwerk van die gemeente betrokke wees. Ook ouderlinge (presbiter) het hierdie opdrag. Onregstreeks is hulle egter ook by die ekstensiewe opbouwerk betrokke, want hulle amptelike arbeid is na binne gerig, sodat die gemeente na buite kan optree. Hierdie gedagte vind ons ook in ons Kerkorde. Ek dink hier aan art. 23, waar gesê word: “Die amp van ouderling is ... om ook ander tot die Christelike Godsdienst op te wek”. In 'n ou uitgawe van die Kerkorde staan: “... ook anderen tot de Christelijke religie te vermanen”.

Wanneer Efesiërs 4:11 ook van herders praat, dan moet ons hulle, hoewel hulle saam met die leraars genoem word en die bepalende lidwoord by *herders* ontbreek, tog sien as 'n afsonderlike groep, en dan is hier sonder enige twyfel die ouderlinge bedoel (vgl. Roberts, 1962, p. 151-5). Ook hulle is deur Christus by die opbouwerk van die gemeente ingeskakel.

4. DIE TOERUSTING TOT DIE OPBOUWERK.

Hierdie toerusting tot die opbouwerk moet in die eerste plek plaasvind deur middel van die prediking. Die verkondiging van die Woord van God is die belangrikste middel om die gemeente op te bou en toe te rus.

Paulus skrywe vir Timotheus dat die hele Skrif deur God ingegee is, *θεόπνευστος* is en derhalwe nuttig is tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk. Met goeie werk word hier diens aan die Here bedoel. Dit is 'n geliefde uitdrukking by Paulus (vgl. 2 Kor. 9:8; Tit. 1:16; 2 Tim. 2:21).

Om, tweedens, die lyne na ons tyd deur te trek, kan ook gestel word dat die toerustingswerk gedoen moet word deur middel van die kategeese en die huisbesoek (vgl. J H Velema, a art., p. 500).

5. DIE TWEEVOLDIGE DOEL VAN DIE OPBOUWERK

Wanneer ons vervolgens vra waartoe die gelowiges toegerus moet word, wat dus die goeie werk inhou, gee die Nuwe Testament ons 'n duidelike antwoord. In die eerste plek moet die gemeente opgebou en toegerus word met die oog op 'n heilige lewenswandel.

Telkens en telkens opnuut word in die briewe van die Nuwe Testament benadruk dat die gemeente hulle geloof in die evangelie in 'n nuwe lewenshouding moet openbaar. Negatief beteken die nuwe lewenswandel 'n radikale breuk met die verlede, met die sondige praktyke van vroeër (Kol. 3:5; 1 Pet. 4:3, e.a.); en positief beteken die nuwe lewenswandel 'n wandel in die liefde, die beoefening van die broederliefde (Rom. 10:12).

Agter hierdie Christelike lewenswandel lê die diepste geheim van die geestelike groei, die groei in die geloof, die toeneem in die kennis en die genade van Jesus Christus (2 Pet. 3:18).

In die Nuwe Testament word herhaaldelik op die missionêre betekenis van die lewensheiliging gewys. Die missionêre getuienis van die gemeente moet deur 'n geheiligde lewe van die gemeente gedra word (Versteeg, 1975, p. 27). Die gemeente moet by hulle doen en late altyd daarvan bewus wees dat die buitewêreld (hulle wat 'buite' is) op die gemeente let. Die apostel Petrus wys baie pertinent op die doel van 'n goeie wandel onder die heidene: sodat hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God in die dag van besoeking kan verheerlik (1 Per. 2:12).

Negatief moet alles vermy word wat die heidene 'n aanleiding kan gee om 'n blaam op die evangelie te werp. Die lewenswandel van die lidmate moet so wees dat die *λόγος τοῦ θεοῦ*, die Woord van God (1 Tim. 6:1) nie belaster word nie.

In Titus 2:10 word deur Paulus gesê dat die gemeente die *διδασκαλίαν*, die leer, met 'n Christelike lewenswandel moet versier (*κοσμεῖν*). Die lewenswandel van die gelowiges is die kosmetiek vir die Christelike leer.

Die werwende krag van 'n Christelike lewenswandel kan ons nie hoog genoeg waardeer nie. Petrus skrywe oor ongelowige mans wat tog deur die wandel van hulle vrouens en dan 'n wandel sonder woorde gewin kan word (1 Pet. 3:1).

Ons moet hier natuurlik wel oppas vir die moderne misvatting dat evangelisasie net evangelisasie met die daad moet wees en dat die Woordverkondiging nie belangrik is nie. Daar staan duidelik in 1 Pet. 3:1 dat daar manne is wat 'aan die Woord ongehoorsaam' is. Hulle het dus die prediking gehoor, maar hulle was ongehoorsaam. Die *λογος* in die betekenis van prediking, verkondiging is primêr. Blyk egter dat die *λογος* geen gehoor vind nie, dan tree die missionêre aktiwiteit, die wandel sonder woorde 'subsidair, ervoor in de plaats' (Van Swigchem, 1955, p. 167).

Daar is egter in die Nuwe Testament ook duidelike gegewens waar sprake is van welbewuste, opsetlike missionêre aktiwiteit van die gemeente. Ons moet hier egter dadelik beklemtoon dat in vergelyking met die baie aansporinge tot 'n heilige lewenswandel daar in die Nuwe Testament vergelykenderwys min aansporinge tot missionêre aktiwiteit van die gemeente gevind word.

Die aksent lê heeltemal anders.

Daar is in die Nuwe Testament talryke plekke waar die gemeentes vanweë hulle missionêre arbeid geprys word (1 Thess. 1:7; Rom. 1:8; Fil. 1:5; 1 Kor. 1:5). Uit al hierdie gegewens blyk dat die selfstandige en opsetlike evangeliserende aktiwiteit van die lidmate van die gemeente 'n baie belangrike rol in die lewe van die vroeë kerk gespeel het.

Die belangrike plek wat die sendingarbeid in die lewe van die vroeë kerk ingeneem het, kom ons goed te wete wanneer ons let op die verskillende uitdrukkings of terme wat vir hierdie arbeid in omloop was.

Hier gaan ons van die prinsipiële oor na die praktiese deel, want die verskillende uitdrukkings wat in die Nuwe Testament gebruik word, gee vir ons presies weer wie die subjek van die missionêre arbeid van die gemeente was.